

**KLERE EN GODSDIENS**

As daar twee dinge is wat onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, dan is dit geloof en klere. Huise se posbusse word propvol klere-advertensies gestop. 'n Volle TV-kanaal is 24 uur besig om modes en modegiere te beelddsaai. God se verlore kinders moet weet dat as dit om klere gaan, dit ook om **godsdiens** gaan. God was die eerste Kleremaker (Gen. 3:21). Klere moet naaktheid bedek as simbool van die sonde. Onthou "gewaagde klere" verrai 'n gewaagde lewe en halfnaakte kleredrag verrai 'n naakte innerlike. Deftigheid is nie sonde nie en goeie smaak is 'n deug.

Uitspattige, banale, skrapse, gewaagde en lokkende klere is nie alleen lelik nie maar daarmee verloën jy die nederige, ingetoë kuisheid van 'n Christen. Klere is deur God gemaak om te bedek (Gen. 3:21). Ons moet weet dat ons in ons tyd klere het vir elke geleentheid en dat netheid en fatsoenlikheid 'n belangrike faset daarvan is.


**'N CHRISTEN SE JA-JA LEWE**

Elke mens ken 'n plussteken (+) en 'n minusteken (-). " + " is die positiewe en " - " is die negatiewe. Daar is **plumense** en **minumense**. **Minumense** teer op die negatiewe en **plumense** strewe na die positiewe. Die **minumense** sê 'n glas is half leeg en die **plumense** sê die glas is half vol. Die lewe is vol negatiewe gesindhede. Dit is 'n middel in die hand van die Satan om gelowiges te laat tou opgooi. Die negatiewe word beklemtoon en uiteindelik is jy 'n negatiewe, swartgallige, swarmoedige mens wat voel asof die wêreld met sy agterkant na jou toe staan. Christene moet alle minusse verander na plusse. Op 'n sleutelmaker se venster staan: "Keys Made While You Wait." Besigheid was maar treurig. Toe verander hy dit na: "**Keys Made While You Watch.**" Meteens kom meer mense om sleutels te laat maak. Want in plaas van "waiting" (negatief) is hulle besig met "watching" (positief).

- \* 'n Christen het die opdrag om elke minus te verander in 'n plus.
- \* Dit is nie so moeilik nie. Neem 'n minus ("-") en voeg 'n vertikale strepe daarby ("+") en jy het 'n plus. Maklik nê!

In die fotografie hoort **negatiewe** in die donker kamer waar jy die negatiewe "positief" maak en dit is 'n baie mooi en duidelike foto. Die negatiewe het net in die donker kamer 'n plek. Die positiewe is bedoel vir die volle lewe. Dit is die gelowige se taak. God verwag van jou om al die negatiewe, lelike dinge in die lewe positief te maak. Hoe doen 'n mens dit? Paulus gee die antwoord: "**Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie**" (Rom. 12:21). In jou verhouding met God en mense met jouself moet jy ingestel wees om die **goeie**, die **positiewe** te soek en dáaraan aandag te gee. Dán sal die **negatiewe** vanself verdwyn. Hou jou besig met die goeie want daardeur bou 'n mens en daardeur is jy in staat om oor die negatiewe te oorwin.

Dr. Nico van der Merwe



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalms 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklersdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 1 Augustus 2010

Nommer 18

## DIE ONMISBARE PLEK VAN GELOOF

Ons hoor die Evangelie van verlossing uit God se Woord [1 Kor. 1:21]. Hoekom? Om te glo! Ons kan niks anders daarmee maak nie. Jy moet die evangelie glo. Maar jy moet versigtig wees hoe jy **GELOOF** sien. Dit is nie **GELOOF** wat jou red nie. In vraag 61 van die Heidelbergse Kategismus bely jy dat jy nie op grond van die waarde van jou geloof vir God aanneemlik is nie. God red jou nie op grond van jou geloof nie. Hy hét jou dan al gered toe jy nog 'n sondaar, nog 'n vyand van Hom was [Rom. 5:10]. Hoe nou? Jy **GLO** dat God jou gered **HET**. Jy **GLO** nie dat God jou **SAL** red as jy **GLO** nie!

- \* **Dát** jy glo is vanself niks werd nie.
- \* **Wát** jy glo is die belangrike saak.

Geloof is die daad van 'n bankrot boemelaar wat vertrou dat Iemand Anders hom help. Geloof **IS** belangrik. Jy kan net doen wat God wil as jy glo [Heb.11:6]. Nét dié mense wat glo word gered [Joh. 3:16]. Bots dit? As dié wat glo gered word en dié wat nié glo nie nié gered word nie, dan **IS** dit mos die geloof wat jou red. Dis tog logies. Die **LOGIKA VAN GOD SE KONINKRYK** is anders as die van die mens. Bv. as ek jou 'n tjek van R100 gee en jy glo die tjek met die bedrag wat daarop staan, dan neem jy dit bank toe en ontvang R100. Jy kry nie die R100 omdat jy die tjek glo nie! Jy kry R100 omdat ek wat die tjek geteken het R100 in die bank het. As jy my nie geglo het nie en die tjek opgeskeur het, dan het jy **NIKS** gekry nie.

Jy gaan nie hemel toe omdat jy die evangelie glo nie, maar omdat Jesus vir jou aan die kruis betaal het. As jy dit egter nie glo nie dan skeur jy God se belofte ("tjek?") op en gooi dit weg en ontvang jy nie die verlossing nie. Dit is die onmisbare plek van geloof! Die geloof is die middel waarmee ons God se beloftes aanneem, dit as ten volle waar gryp en onself toe-eien.

Dr. Nico van der Merwe

**PREKE VANDAG**

Die oggenddiens word vanmôre gelei deur  
dr. Jan Lion-Cachet van Klerksdorp gemeente.

**Aanddiens: SKAT IN KLEIPOTTE**

2 Korintiërs 4:7

Enige kosbare besitting bêre 'n mens op 'n veilige plek. Hoe kosbaarder, hoe veiliger bewaar jy dit. God maak ook so. Sy evangelie is dië kosbaarste boodskap wat hy die wêreld wil laat indra: die evangelie dat Jesus Christus vir al ons sondes betaal het. Hierdie kosbare skat plaas hy in kleipotte – sterk en stewig. Maar jy (ook Paulus) is nie uit jouself so sterk nie. God maak jou sterk deur sy Heilige Gees sodat jy in staat is om jou roeping te vervul. Hy sien toe dat sy werk deur niks gekeer kan word nie.

(Waarom die woorde “wat maklik breek” by die woord “kleipotte” ingevoeg is, is nie bekend nie. Dit staan nie in die oorspronklike Griekse teks nie.)

[SING: 1. Ps. 84:1, 3 – p. 424. 2. Ps. 46:1, 2 – p. 238. 3. Ps. 31:1, 5 – p. 143.]

In Matteus 20:21 lees ons dat Johannes en Jakobus se ma vir Jesus gevra het: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.” Lees nou IL de Villiers se gedig:

**VROU VAN SEBEDEUS**

sy het gevra: Meester, my seuns moet sit  
een regs, een links van U in wit.  
maar toe dit donker word hang daar  
twee vreemde sondaars langs Hom in gelid

[I L de Villiers]

[Uit: Leviet en vreemdeling, 1978]

**DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4****Artikel 6 : DIE EVANGELIE VAN DIE MESSIAS IS DIE HERSTELLINGMIDDEL**

Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

**Artikel 7 : DIE EVANGELIE AAN BEPAALDE VOLKE**

Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, openbaar Hy dit aan meer mense. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie maar aan die volledig vrye welbehag en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Hulle moet ten opsigte van ander wat hierdie genade nie ontvang nie, saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek.

**Artikel 8 : DIE HERE ROEP IN ALLE ERNS**

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe.

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
1 Augustus	Barmhartigheid	Geref. jeug in London
8 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
15 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiëfonds GKSA
22 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds GKSA
29 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds GKSA
		
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 1 Augustus tot Saterdag 7 Augustus 2010		
Sondag 1 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 1 Augustus	Katkisatie – Les 9-15	10:30
Sondag 1 Augustus	Erediens	18:00-19:00
		
TEESKINKBEURTE		
Sondag 1 Augustus 2010	Wyke 17 & 18	
Sondag 8 Augustus 2010	Geen teeskink	
Sondag 15 Augustus 2010	Wyke 21 & 22	
Sondag 22 Augustus 2010	Wyke 23 & 24	
Sondag 29 Augustus 2010	Wyke 25 & 26	
		



### BOUFONDS

Die gemeente word weereens opgeroep om ruim by te dra tot hierdie fonds, wat tans op R12 000 staan. Dringende herstelwerk moet aan die pastorie gedoen word en u samewerking word hoog op prys gestel.

**DANKIE BY VOORBAAT!**

- Herhaling verander nie 'n leuen in die waarheid nie.
- Inisiatief is om die regte ding te doen sonder dat iemand jou 'n opdrag gee.
- Mense het nie 'n te kort aan krag nie, net aan wilskrag.
- Niks in die lewe hoef gevrees te word nie. 'n Mens moet dit net verstaan.
- Noodsaaklike euwels is nooit noodsaaklik nie, maar altyd euwels.
- 'n Mens kan nie handskud met 'n gebalde vuis nie.

### SUSTERS

Saamroepster vir Augustus: Magda van der Walt  
 Hospitaalbesoekbeurt: Wilmed: Sophia van der Merwe  
 Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:  
 Augustus 2010: Wyk 7 en 21



#### Uit die Woord

Bid vir mekaar. (Jakobus 5:16)

#### Wyse Woorde

Om oor God met mense te praat, is 'n wonderlike voorreg; maar om met God oor mense te praat, is nog beter. (Em Bouds)



### Sending- en Evangelisasie Konferensie

'n Paar studente van Cachet-gemeente in Potchefstroom reël 'n sending- en evangelisasiëkonferensie van 13 – 15 Augustus by Nooitgedacht-kampterrein naby Potchefstroom. Die koste van die naweek beloop R250. Die doel van hierdie konferensie is om die Here se naam te verheerlik deur lidmate in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te versterk, bemoedig en aan te spoor om by sending- en evangelisasië betrokke te raak en hulle toe te rus om self projekte in hulle tuisgemeentes aan te pak.

Moenie hierdie geleentheid misloop nie!

Kontakbesonderhede:

Algemeen: Andie Odendaal by 20286805@nwu.ac.za 0845897730.

Finansiëel: Jaco Lemmer by 0836102421



- Daar is geen lewende en ware godsdiens moontlik sonder stilte nie.
- Die beste en die vinnigste manier om tyd te verloor, is om geen tyd vir God te hê nie.
- Een gebruik van groot woorde is om ons gedagtes te verberg.

**LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE**

- Sr. Heleen van Zyl was in die Wilmed vir 'n operasie. Ons bid haar verder goeie gesondheid toe. Baie sterkte!
- Ds. Jan-Carel en sr. Magda Erasmus het voor verlede week 'n nuwe kleindogter ryker geword. Sy is ook 'n agterkleinkind van Sr. Anna Fourie (Magda se moeder). Ons is saam met julle bly en dankbaar. Mag julle baie vreugde van hierdie verbondskindjie van die Here beleef.
- Br. Hennie Venter het Woensdag Engeland toe vertrek om vir 'n week by hulle kinders te gaan kuier, en dan bring hy hulle kleindogter, Mia, saam terug om 'n maand gedurende die Engelse somerskoolvakansie by hulle te kom kuier. 'n Veilige reis en 'n aangename kuier toegewens.
- Br. Fanie en sr. Elsa van der Walt is tans in die VSA waar hulle kuier by hulle dogter, Miempie. Mag dit vir hulle 'n geseënde tyd wees.
- Br. Faan en sr. Bienkie du Preez se dogtertjie, Sonell, was baie siek en moes vir 'n paar dae in die Anncron opgeneem word. Ons hoop sy word gou weer gesond.
- Br. Pieter en sr. Mariana Aucamp se seun, Stephan, is gister hier in die kerkgebou getroud met Hermien van der Merwe. Ons bid julle almal die Here se rykste seën toe.
- Een van ons bejaarde lidmate, Tannie Hannie Claassen, is voor verlede week oorlede. Sy was 84 jaar oud en sy is die laaste paar jaar in die verswakte afdeling van Flamwood Landgoed versorg. Sy was baie siek. Ons bid al haar geliefdes die troos van die Here deur sy Heilige Gees toe. Sy is in Carletonville begrawe.
- Sr. Anna Jansen se kleinseun, Nicus, was in Pretoria in 'n motorfiets ongeluk betrokke waarin hy erg beseer is. Hy word in die hospitaal verpleeg. Julle word die seën en bystand van die Here toegebied.



- Ons wag tot die droogte kom en dan kyk ons hemel toe.
- Dit is nooit te laat om te wees wat jy kon wees nie.
- Ouers leer kinders praat; kinders leer ouers swyg.
- Drie mense kan 'n geheim hou as twee van hulle dood is.
- Moet nooit bedel vir dit wat jy kan verdien nie.

**VERJAARDAE**

1 Augustus	Danie van der Walt (Snr)
2 Augustus	Hendrik Scheepers
2 Augustus	Trohandi de Klerk
2 Augustus	Oom Pottie Potgieter
2 Augustus	Johan Mocke
3 Augustus	Rina Oosthuizen
4 Augustus	Christine Lindeque
5 Augustus	Chris Buys
5 Augustus	Mercia Pelser
7 Augustus	Tannie Susan Potgieter
7 Augustus	Willem de Jager

*Mag u verjaardag 'n vreugdevolle dag wees en die nuwe jaar onder die seënende hand van God wees.*

**DRINGEND DRINGEND-DRINGEND DRINGEND**

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk**:  
 sweiswerk, loodgieterswerk,  
 houtwerk of teëlwerk.  
 Skakel asb. Corrie Botha  
**018-484-4774 of 083-429-4824.**

**DANKIE**

Soos u seker opgemerk het, is daar 'n nuwe mosaïek gedenkbord by die ingang van die kerkterrein. Dit is die pragtige handewerk van Martie Venter – inderdaad 'n kunstige stukkie werk. Ons wil Martie graag hartlik daarvoor bedank, en ook vir Hannes Pelser, wat dit vir ons daar gemonteer het.



- Mense vra jou vir kritiek, maar eintlik wil hulle lof hê.
- Elke groot taak lyk aan die begin of dit onmoontlik is.
- Elke minuut wat jy kwaad is, verloor jy 60 sekondes van geluk.